JUAN KOTZE
ATTORNEYS /PROKUREURS
ARAMELI

1st FLOOR/VLOER
IVH CENTRE / SENTRUM
LEEUWPOORTSTRAAT 142 LEEUWPOORT STREET
BOKSBURG
E-MAIL / E-POS: juan@therescueshop.co.za
DOCEX 19, BOKSBURG

P.O. BOX / POSBUS 1314
BOKSBURG 1460
TEL: (011) 892-1018/9
FAX / FAKS: 011-917 3489

Ons verwysing: Mnr Kotze 24 Julie 2020

Dr Herman Els.
NATSHOOT

HUIDIGE VUURWAPENSITUASIE NA OPHEFFING VAN DIE GOSA TUSSENTYDSE HOFBEVEL.

1. INLEIDING.

1.1. U navraag oor die effek van die Hoogste Hof van Appèl se uitspraak op 23 Julie 2020 in die GOSA- saak, waartydens die tussentydse hofbevel opgehef is, het betrekking.

1.2. Dit is 'n baie groot terugslag vir vuurwapeneienaars wie se lisensies verval het.

2. UITSPRAAK.

Die Hof het die tussentydse bevel wat regter Prinsloo op 27 Julie 2018 toegestaan het, waarvolgens die Polisie nie teen vuurwapeneienaars wie se vuurwapenlisensies verval het, hangende die uitslag van die hoofaansoek kon optree nie, ter syde gestel. Die tussentydse bevel het die spreekwoordelike "wolf van die deur af weggehou" aangesien die Polisie daarkragtens verbied is om teen vuurwapeneienaars met vervalle lisensies op te tree.

3. AANLEIDING TOT GOSA AANSOEK.

3.1. GOSA se aansoek teen die Polisie het gevolg op die Konstitusionele Hof se beslissing op 7 Junie 2018, toe beslis is dat artikels 24 en 28 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, wat bepaal dat vuurwapenlisensies net vir ‘n bepaalde tyd uitgereik word en minstens 90 dae voor die vervaldatum hernu moet word, wel konstitusioneel is. Die Konstitusionele hof het destyds eenparig **beslis dat vuurwapens, waarvan die lisensies verval het, in onwettige besit is.** Die gevolg is dat sulke vuurwapens nie verkoop of weggegee kan word nie en dit moet by die Polisie ingegee word vir vernietiging.

3.2. Die Polisie het dadelik gedreig om vuurwapeneienaars te vervolg en het omvangryke planne in werking gestel **waarvolgens vuurwapens by polisiestasies vir vernietiging ingehandig moes word**. GOSA voer in hul hofstukke onder andere aan dat die Polisie nie instaat is om vuurwapens veilig te bewaar nie.

3.3. **Die effek van die tersydestelling van die bevel is dat die Polisie toegelaat word om teen vuurwapeneienaars met vervalle lisensies op te tree.**

3.4. **Om skuldig bevind te word aan die besit van ‘n ongelisensieerde vuurwapen, is ‘n baie ernstige aangeleentheid**. Die wet bepaal dat dat indien ‘n persoon skuldig bevind word aan die onwettige besit van ‘n vuurwapen, daar **minimum voorgeskrewe vonnisse van tot 15 jaar gevangenisstraf** vir die onwettige besit van ‘n semi- outomatiese vuurwapen (wat ‘n pistool insluit) van toepassing is.

3.5. Volgens die Polisie se hofstukke was daar ten tye van hul antwoord in 2018, **436 366 vuurwapens waarvan die lisensies verval het**. Daar word geraam dat die syfer nou op **ongeveer 450 000** vuurwapens staan. Dit ongeveer 8 Loftus -stadions vol mense is!

4. AANLOOP TOT AMNESTIE.

4.1. Die Minister van Polisie het vanaf September 2019 ‘n proses begin om ‘n amnestie deur die parlement te voer. Daar is aan die Parlementêre Portefeulje komitees voorgehou **dat ‘n amnestie nodig is om onwettige vuurwapens uit die samelewing te onttrek ten einde ernstige geweldsmisdaad te bekamp**. Tydens die debate het die Polisie toegegee dat **daar tydens die vorige amnesties nie ‘n enkele vuurwapen wat ingehandig is, met ‘n misdryf verbind kon word nie.**

4.2. Die Polisie het in die debatte om die amnestie te regverdig geen woord gerep dat die Polisie eintlik die vuurwapens met vervalle lisensies wil teiken nie. Die Parlement het die aansoek vir ‘n amnestie goedgekeur en die Minister van Polisie versoek om ‘n proses te ontwikkel waarvolgens persone met vervalle vuurwapenslisensies die geleentheid moet kry om hul vuurwapens te herlisensieer.

5. AMNESTIE.

5.1. Toe die amnestie afgekondig is, het dit duidelik geword dat **vuurwapens met vervalle lisensies eintlik die teiken van die amnestie is**. Die amnestie het wel voorsiening gemaak dat eienaars hul vuurwapens as deel van die amnestieproses by die Polisie kan inhandig en aansoek doen vir nuwe lisensies (nie hernuwing).

5.2. Die Polisie het na ‘n hofaansoek deur NATSHOOT om die amnestie nietig te verklaar, hul prosesse verander sodat ‘**n applikant gelyktydig met die aansoek vir ‘n nuwe lisensie ook aansoek kon doen vir ‘n bevoegdheidsertifikaat**. As gevolg van hierdie wysiging het die amnestieproses werkbaar geword, **alhoewel sulke vuurwapens steeds by die Polisie ingehandig moes word.**

5.3. Die amnestie het van 1 Desember 2019 tot 31 Mei 2020 geloop en slegs ongeveer 30 000 persone het daaraan deelgeneem. Minder as 10 000 het aansoek gedoen vir nuwe lisensies, waarvan slegs enkele aansoeke aan die einde van die amnestietermyn afgehandel is.

5.4. Dit is duidelik dat vuurwapeneienaars baie onwillig is om hul vuurwapens met vervalle lisensies in te handig, want dit gaan duidelik baie lank (miskien jare) neem om ‘n nuwe lisensie te bekom, terwyl hulle die vuurwapen vir selfbeskerming benodig .

6. NUWE AMNESTIE VAN 1 AUGUSTUS 2020 TOT 31 JANUARIE 2021.

Die parlement sal na alle verwagting eersdags ‘n nuwe amnestie, wat van 1 Augustus 2020 tot 31 Januarie 2021 sal duur, goedkeur. Daar word verwag dat die bepalings dieselfde as die vorige sal wees. **Maw vuurwapens sal steeds ingehandig moet word.**

7. WAT GEBEUR VAN NOU TOT DIE NUWE AMNESTIE OP 1 AUGUSTUS 2020 BEGIN.

Daar bestaan sedert die GOSA-uitspraak **geen regsbeperking op die Polisie om dadelik te begin om teen onwettige besitters van**

vuurwapens op te tree nie. Gegewe die komende nuwe amnestie, word daar tot die aanvang van die amnestie oor ‘n week, nie optredes verwag nie.

8. WAT SAL GEDURENDE DIE AMNESTIE TYDPERK GEBEUR?

8.1. **Die Polisie sal waarskynlik tydens die amnestietydperk nie gefokus teen vuurwapeneienaars met vervalle lisensies ooptree nie** ten einde aan hul die geleentheid te bied om vrywillig hul vuurwapens in te handig en aan die amnestieproses deel te neem en aansoek te doen vir ‘n nuwe lisensie vir die vuurwapen.

8.2. Daar moet verwag word dat die Minister van Polisie gedurende hierdie tydperk dreigemente sal uiter oor hoe daar teen diegene opgetree sal word wat nie hul vuurwapens vrywillig inhandig nie. **Die situasie is dat daar op die oomblik geen regsbeskerming vir vuurwapeneienaars met vervalle lisensies bestaan nie.**

9. WAT SAL NA 1 FEBRUARIE 2021 GEBEUR?

9.1. **Ek meen dat die vuurwapenhemel na 1 Februarie 2021 spreekwoordelik op vuurwapeneienaars met vervalle lisensies sal val.**

9.2. Dit is duidelik dat besware, soos dat die Polisie nie vuurwapens veilig kan berg nie, of dat die proses onbillik is, op dowe ore sal val aangesien dit duidelik is dat die Polisie die situasie wil gebruik om vuurwapens in private besit, te verminder.

10. ONREDELIKHEID VAN SITUASIE.

10.1. Die situasie is baie onbillik veral teenoor vuurwapeneienaars wie se vuurwapenlisensies op 4 Julie 2017 nog geldig was (en dit gevolglik nog kon hernu). Regter Tolmay het in die **2016 SA Jagters- saak bevind dat die bepalings van art 24 en 28 van die Wet (wat voorsiening maak vir die herlisensiëring van vuurwapens) ongrondwetlik is.** Duisende vuurwapeneienaars het op grond van die uitspraak, asook mededelings van Polisiebeamptes dat dit agv die hofuitspraak nie meer nodig is om vuurwapens te herlisensieer nie, versuim om dit te doen.

10.2. Hierdie situasie het vir die volgende 11 maande, tot 7 Junie 2018, geduur **toe die Konstitusionele hof bevind het dat vuurwapen lisensies inderdaad hernu moet word**. Die Hof, parlement of Polisie het ongelukkig tot hede geen maatreëls in werking gestel om hierdie groep,

("die Tolmay- benadeeldes") die geleentheid te bied om hul vuurwapenlisensies te hernu nie. **Hulle word sonder skuld aan hul kant ernstig benadeel.**

11. ONBILLIKE TOEPASSING VAN DIE ADMINISTRASIE VAN DIE WET.

11.1. Die praktiese situasie is dat vuurwapeneienaars wat voor 1 Julie 2009 vuurwapens besit het, **maar nooit deelgeneem het aan die hernuwingsproses nie** (maw slegs 'n ou groen lisensie het), se ou lisensie steeds as geldig beskou word. **Diesulkes is gevolglik in wettige besit en kan met hul vuurwapens doen wat hul wil.**

11.2. Daartenteen is die persoon wat ook voor die inwerkingtreding van die nuwe wet 'n lisensie gehad het, **maar die wet nagekom het deur aan die hernuwingsproses deel te neem, maar nou versuim het om sy nuwe lisensie te hernu, volgens die Polisie se interpretasie van die SA Jagters 2009 interim hofbevel, in onwettige besit van hul vuurwapens**. Hulle kan sulke vuurwapens nie herlisensieer of verkoop nie. Hul is genoodsaak om dit as deel van die amnestie by die Polisie in te handig en aansoek te doen vir 'n nuwe lisensie. Indien hul nie bereid is om dit te doen nie, loop hul die risiko om op baie ernstige klagtes vervolg te word.

11.3. Ek meen dit is nie redelik om die aanvanklik wetsongehoorsames in 'n veel beter posisie te plaas teenoor persone wat die wet wou nakom, maar waarskynlik deur die regsonsekerheid vasgevang is, so ernstig te benadeel nie. Op hierdie stadium sal hierdie duidelike onredelikheid ongelukkig net as 'n slim argument afgemaak word.

11.4. Dit is ook duidelik dat die Polisie by hul interpretasie hou dat indien 'n vuurwapeneienaar aan die herlisensiëringsproses deelgeneem het, (maw 'n groen lisensie gehad het en daarna 'n witte gekry het) **sy ou groen lisensie nie meer geldig is nie.** Daar is tans geen hofuitspraak wat hierdie interpretasie verkeerd bewys nie. **Aanvaar gevolglik eerder dat jy op hierdie stadium niemand sal oortuig dat jou ou groen lisensie (nieteenstaande jou omskakeling) steeds geldig is nie.**

11.5. Dit is ook duidelik dat die argument dat die Polisie nie instaat is of vertrou kan word om vuurwapens veilig te bewaar, nie as 'n geldige verskoning gesien gaan word nie.

12. COVIT -10 PROBLEME.

12.1. Dit blyk ook dat verskeie Polisiestasies se vuurwapenafdelings tans weens Covit-19 besmetting gesluit is. **Persone wat tans vuurwapenlisensies wil hernu, loop die risiko dat hul nie voor die vervaldag gehelp gaan word nie. <u>MOET NIE TOT OP DIE LAASTE OOMBLIK WAG NIE.</u>**

12.2. Ek het namens NATSHOOT by die Minister aanbeveel dat vuurwapens se lisensies (soos motorvoertuiglisensies) se vervaldatums uitgestel moet word en dat applikante toegelaat moet word om hul aansoeke by buurdorpe se Polisiestasies in te dien. Ons weet nog nie wat sy reaksie daarop sal wees nie en lesers moet eerder aanvaar dat hul veral tydens die Covid -19 inperkings probleme sal ervaar.

13. ADVIES.

13.1. My advies is dat vuurwapeneienaars moet ten alle koste verseker dat vuurwapenlisensies **hernu word voor dit verval**.

13.2. Daar moet aanvaar word dat die Polisie nie bereid is om (selfs met Covit-19 probleme) enige toegewings of tydsverlengings aan vuurwapeneienaars te maak nie. **<u>AANVAAR DAT DIE POLISIE JOU VUURWAPENS WIL VERMINDER!</u>**

13.3. Vuurwapeneienaars met vervalle lisensies moet ernstige oorweging skenk om aan die amnestie deel te neem. Dit beteken dat hul so spoedig moontlik hul toegewyde status-, endosseringsbriewe en bewys van opbetaalde lidmaatskap, bewys van aktiewe deelname en ander ondersteunende dokumente moet regkry.

14. BEPALINGS VAN NUWE AMNESTIE.

Ek sal aan u verslag doen oor die beaplings van die nuwe amnestie sodra dit aangekondig is.

15. ONTHOU: DIS 'N VOORREG OM 'N VUURWAPEN TE BESIT.

Die Konstitusionele Hof se Regter Froneman het gesê dat dit 'n **voorreg** is (en nie 'n reg) om 'n vuurwapen te besit. **Die enigste manier om jou regte te beskerm is om te verseker dat jy self die wetsbepalings nakom.**

Die uwe.

JUAN KOTZE